

## **DIE STRANDLOPERS**

Hierdie is die vierde verslag vanjaar.

### **Politiek**

- En nou is Osama bin Laden ook nie meer met ons nie, maar is ons nou veiliger?
- Intussen bly politieke probleme aan die orde van die dag – Libië, Sirië, Jemen, Nigerië, Burkina-Faso, Oeganda, RSA, Ivoorkus, Afghanistan, Pakistan terwyl tornado's die VSA tref en hul politici nie kan besluit hoe hulle hul begrotingstekort sal aanspreek nie.
- Daar is steeds geen einde in sig vir die onrustigheid in Noord-Afrika en die Midde-Ooste nie. Die onsekerheid oor of hierdie onrus ook Saoedi-Arabië sal tref en die oliemarkte daardeur verder ontwrig kan word, duur voort.
- Plaaslik gaan die onrus blykbaar oor die afwesigheid van dienslewering deur die plaaslike regerings, maar is daar nie dalk ook 'n onrustigheid oor die afwesigheid van werksgeleenthede vir veral die jeug nie? Maak die kragdadige optrede van die polisie ons rustiger of onrustiger?
- Sal die ekonomiese probleme van die Europese Unie verdere politieke spanning tussen ledelande veroorsaak? Die hantering van die Noord-Afrika vlugtelinge bring in elk geval spanning mee.
- Gelukkig is daar steeds sprokies in die wêreld aan't ontvou en laat dit die Britte – en baie ander mense – tydelik van hul ekonomiese kwellings vergeet!

### **Internasionaal**

- In die afgelope maand het die bekommernis toegeneem dat die VSA nie sy begrotingstekort onder beheer kan kry nie. Dit het tot 'n waarskuwing van die graderingsmaatskappy Standard and Poor gelei dat die gradering van VSA staatseffekte mettertyd verlaag kan word. Tans is die begrotingstekort steeds 'n gevolg van die poging van die regering om die ekonomie te stimuleer en werkloosheid tot aanvaarbare vlakke te verminder. In die langer termyn is die probleem dat al die sosiale programme van die staat slegs finansier kan word indien die ekonomie volhoubare sterk groei toon. Die risiko is dat wanneer welsynsuitgawes vinniger styg as staatsinkomste omdat die ekonomie nie sterk genoeg groei nie, die staat meer belastings hef wat meebring dat die belastinglas op die produktiewe sektore van die ekonomie al hoe groter word. Dit kan mettertyd groei doodwurg. Daarom is dit belangrik om die begrotingstekort aan te spreek deur uitgawes te besnoei waar moontlik en sodoende die stygende staatskuld te beperk.
- Die vraag is nou of die politieke wil – gegewe die tweejaarlikse VSA verkiesings wat gehou word – bestaan om hierdie uitgawes, asook die stygende staatskuld te beperk. Dieselfde probleem is natuurlik wêreldwyd te bespeur en het die afgelope jaar of wat ook baie duidelik na vore getree in Euroland. Tans is die fokus veral op die gewese PIIGS – tans Olyfgordel-lande plus Ierland – waar die verwagting is dat hierdie lande nie al hul staatskuld sal kan terugbetaal nie en die terugbetaling wat wel plaasvind, sal moet herskeduleer.

- Hierdie waarneming het daartoe gelei dat finansiering van Griekse, Portugese en Ierse staatskuld die afgelope maand tot rekord hoogtes gestyg het. Griekse tienjaar staatseffekte se koers het tot meer as 15% gestyg.
- Daarteenoor het VSA tien jaar rentekoerse sedert die Federal Reserve Board op 27 April aangekondig het dat hulle hul stimuleringspakket sal volhou en rentekoerse nog geruime tyd laag sal hou, gedaal van vlakke meer as 3.5% tot 3.2% en minder in die jongste tyd. In die algemeen het hierdie langtermynkoerse ook in Euroland, die VK en Japan die afgelope tyd gedaal. Die verwagting is egter dat hierdie koerse mettertyd hul opwaartse neiging wat sedert November 2010 waargeneem word, weer eens sal voortsit weens die groot finansieringsbehoefte van die staat asook stygende inflasie.
- In die geval van korttermynrentekoerse is die aanduiding dat VSA koerse nog tot in 2012 op huidige vlakke bly. Daarteenoor word verwag dat Euroland se koerse van die huidige 1.25% tot sowat 1.75% aan die einde van 2011 kan styg. Britse koerse kan teen einde vanjaar begin styg indien die inflasiekoers nie noemenswaardig daal van die huidige 4% nie. Japanse koerse sal nog tot minstens 2012 op huidige vlakke bly.
- In China, Indië en verskeie ander Verre-Oosterse lande sal korttermynrentekoerse in die res van die jaar verder styg weens die toename in inflasie wat aangewakker word deur hoë energie- en voedselpryse asook sterk ekonomiese groei.
- VSA ekonomiese groei was in die eerste kwartaal swakker as verwag en alhoewel 'n verbetering in die res van die jaar voorspel word, bly werkloosheid op 'n onaavaarbare vlak en ervaar die huismark steeds ernstige probleme. In die geval van die VK sal groei benadeel word deur die baie stram fiskale beleid en sal die Bank van Engeland baie versigtig wees om rentekoerse te vroeg te verhoog en daardeur ekonomiese groei te benadeel. In Euroland ervaar Duitsland sterk groei weens voorgesette uitvoere. Daarteenoor sal die sterk euro plus stygende rentekoerse die probleme van die Olyfgordellande plus Ierland verder verdiep. In Japan is die impak van die aardbewing en tsunami omvangryker as aanvanklik verwag en sal die herstel langer neem om aan die gang te kom.
- Algemene kommoditeitsmarkte word steeds beïnvloed deur die verwagte groei van die wêreld ekonomie, maar veral China; hoofsaaklik stabiele korttermynrentekoerse; die vertoning van die dollar; asook die mate van voortgesette fiskale en monetêre stimulus wat in die wêreld ekonomie plaasvind. In die langer termyn word voorsien dat die fisiese vraag na landbou- en mynboukommoditeite steeds pryse sal ondersteun. Indien kortkoerse of die dollar volhoubaar verstewig kan dit pryse ondermyn weens 'n verskuiwing van fondse na ander beleggingsinstrumente.
- Die goudprys word steeds ondersteun deur politieke onsekerhede, lae internasionale rentekoerse, die swak vertoning van die dollar, onsekerhede betreffende staatsfinansies en vrese dat inflasie vinnig kan styg in komende maande.
- Die olieprys word steeds ondersteun deur die politieke onrustigheid in Noord-Afrika en die Midde-Ooste en veral die vrees dat dit kan uitbrei na Saoedi-Arabië, voortgesette ekonomiese groei, veral in die Verre-Ooste, die swak vertoning van die dollar en lae internasionale rentekoerse. Die politieke onrus plaas volgens sommige waarnemers tans 'n premie van sowat \$20/vat

op die olieprys. Ongelukkig is daar geen aanduiding dat die politieke situasie in die nabye toekoms ontlont sal word nie.

## **Plaaslik**

- Die jongste aanduidings is dat plaaslike ekonomiese groei in 2011 sowat 3.5% sal wees. Die voortgesette hoë skuldvlak van privaat huishoudings in verhouding tot besteebare inkome sal groei in verbruiksbesteding wel aan bande lê, maar die aanduidings is dat salaris- en loonsverhogings weer eens meer as die inflasiekoers sal wees en tesame met toenames in welsynsbetalings verbruik steeds sal ondersteun. Weens die voortgesette internasionale groei behoort die mynbou- en vervaardigingsektore ook 'n positiewe bydrae tot die algemene groeikoers te maak. Nogtans verwag ek dat die wanbalans tussen binnelandse vraag en aanbod sal voortbestaan.
- Dit sal meebring dat die handelsrekening van die betalingsbalans weer eens 'n tekort behoort te toon – veral met die invoer van kapitaaltoerusting vir die openbare staatsondernemings soos Eskom en Transnet. Die diensterekening sal ook steeds 'n tekort toon met 'n gevolglike tekort op die lopenderekoning van die betalingsbalans. Hierdie tekort sal weer deur die invloed van veral korttermyn buitelandse kapitaal befonds word. Die korttermyn aard van buitelandse kapitaal veroorsaak steeds 'n langtermyn risiko.
- Die jongste syfers dui op 'n sentrale regeringsbegrotingstekort in die afgelope fiskale jaar van minder as 5% van die totale ekonomie. Dis goeie nuus en die tekort kan in die huidige finansiële jaar verder verbeter. Nogtans bly ek onrustig oor die algemene tendens van staatsfinansies en die risiko van die toenemende aandeel van salarisse en lone in staatsuitgawes, die groeiende welsynstoelaes en die groter aanspraak van die staatsektor op die ekonomie. Die vraag is steeds of dit in die langtermyn volhoubaar is? Plaaslike owerhede se finansiële probleme sal steeds 'n knelpunt bly en kan selfs vererger na die vakansiedag-stemmery. Geen oplossing vir hierdie owerhede se finansiële probleme word in die afsienbare toekoms voorsien nie. Dit kan tot verdere tariefstygings lei wat die sakeomgewing asook die mededingsvermoë van die plaaslike sakesektor in plattelandse sowel as stedelike gebiede sal ondermyn.
- Die 25% werkloosheid nieteenstaande ekonomiese groei, bly onaanvaarbaar hoog. Gegewe die lae internasionale en plaaslike rentekoerse, die sterk rand, die bestaande arbeidsbedeling, die hoë salaris- en loonstygings, die lae vlak van produktiwiteit, asook die swak onderwys- en opleidingstelsel, is ek steeds van mening dat die plaaslike ekonomie in die res van 2011 en selfs die res van hierdie dekade, meer kapitaalintensief sal word. Dus: masjiene eerder as mense sal aangestel word om die werk te doen. In enige normale demokrasie sal dit tot 'n bewindsverandering lei.
- Inflasie is aan't styg, maar met 4.1% steeds onder die middelpunt van die teikenband van tussen 3% en 6%. Die stygende voedsel- en energiepryse, sowel as sterk toenames in arbeidskoste en administratiewe tariefverhogings, kan die inflasiekoers tot naby die boonste vlak van 6% bring teen die einde van die jaar of vroeg in 2012. Gelukkig beskerm die voortgesette sterk rand ons teen skerper stygings van die inflasiekoers.

- My siening is steeds dat plaaslike korttermynrentekoerse in die res van die jaar sywaarts beweeg. Indien die rand skielik sou verswak en inflasie skerper as verwag styg, kan daar in die laaste kwartaal wel 'n rentekoersaanpassing kom.
- Langtermynrentekoerse sal baat vind by die beter as verwagte begrotingstekort. Nogtans behoort hierdie koerse in die res van die jaar wel onder opwaartse druk te kom weens stygende inflasie asook die groot finansieringsbehoefte van die openbare sektor.

### **Beleggingsomgewing**

- Die dollar was die afgelope ruk onder kwaai druk weens die rentekoersverhoging wat in Euroland plaasgevind het, terwyl die Federal Reserve Board aangedui het dat montêre stimulus gehandhaaf word en VSA kortkoerse heel moontlik nie voor 2012 sal styg nie. Die valutamark bewegings is die afgelope week getemper deur die Europese Sentrale Bank wat aangedui het dat rentekoerse nie voor na Junie verder verhoog sal word nie.
- Intussen duur die fiskale probleme in al die groot nywerheidslande voort en kan dit tesame met stygende inflasie verdere opwaartse druk op langtermynkoerse plaas. In die afgelope week was daar wel 'n vlug van kommoditeitsmarkte na die kapitaalmarkte en het veral VSA staatseffekte by hierdie kapitaalinvloei gebaat. Laasgenoemde bewegings word egter nie as langtermyn-tendense beskou nie en die winsmoontlikhede binne die internasionale kapitaalmarkte bly beperk.
- Internasionale aandelebeurse kan verder ondersteun word deur verdere goeie maatskappywinste, voortgesette groei en lae kortkoerse.
- Kommoditeitsmarkte behoort ook in die algemeen deur die voortgesette lae korttermynrentekoerse en algemene groei ondersteun te word.
- Die rand word steeds bevoordeel deur die invloei van korttermyn buitelandse kapitaal. Alhoewel die omgewing steeds onstabiel is, is daar nie tans 'n aanduiding dat hierdie situasie in die res van die jaar noemenswaardig sal verander nie.
- Korttermynrentekoerse sal steeds sywaarts beweeg tot die einde van die jaar of vroeg 2012.
- Langtermynrentekoerse kan onder opwaartse druk kom weens die groot finansieringsbehoefte van die openbare sektor en stygende inflasie. Invloei van buitelandse kapitaal asook internasionale tendense kan hierdie tendens demp.
- Die plaaslike aandelebeurs behoort steeds ondersteun te word deur goeie maatskappywinste, invloei van buitelandse kapitaal, voortgesette ekonomiese groei en lae korttermynrentekoerse.

Ulrich Joubert  
6 Mei 2011.